

24 Maart

**Skrifgedeelte: Psalm 98**

**Fokusgedeelte: Psalm 98:5**

### **Juig voor die Here met stem en instrument**

Sit 'n CD of DVD aan of gaan luister na jou gunsteling kunstenaar se konsertuitvoering. Dit is hoe die 21ste eeu se verbruikerskultuur ons geleer het. Opwindend, aangenaam, inpas met die wêreld is hoe ons moet wees. Maar ook hoe die verbruikerskultuur ons stemme en instrumente tot eer van die Here stil maak. Laat ander sing, dié wat kan sing, vir my sing. Ek met my kras stem, moet maar stilbly en luister. Hoeveel van ons se lof het nie al so stil geword nie?

Tog, as 'n mens na Psalm 98 luister, is dit duidelik: Alles en almal op die aarde moet die Here prys. Prys met 'n nuwe lied, omdat die Here Jesus Christus deur sy offer die nuwe era van verlossing vir ons laat aanbreek het. Hy het ons met sy bloed losgekoop en die oorwinning behaal, vir ons die belofte van 'n beter toekoms ontsluit. Daarom kan en mag ons stemme nie stil word nie.

Ons moet voor die Here juig! My stem moet deel word van die lied van die skepping:

- Die lied waarin die Koningskap van God oor die hele skepping besing word.
- Die lied waarin die afhanklikheid van die hele skepping bely word.
- Die lied waarin ons heerlike verwagting vir die toekoms verwoord word.

In hierdie wêreld en selfs in die troonsaal van die hemel is daar geen beter manier om God te verheerlik en te dank as deur te *juig voor die Here met stem en instrument* nie.

Sing: Psalm 98:3 (Totius)

Ds. MJ Erasmus (Nelspruit)